**Die geskiedenis hoef hom nie te herhaal nie**

**Ursula van Beek***

Op 27 April is dit weer tyd om die geboorte van demokrasie in ons land te vier. Maar vanjaar is spesiaal, want kort na hierdie 30ste herdenking van vryheid in Suid-Afrika volg die belangrikste nasionale verkiesing sedert 1994. Vir die eerste keer is die uitslag by die stembus nié ’n uitgemaakte saak nie.

Ons kan net hoop dat ons swaarverdiende demokrasie oorhandig sal word aan ’n regering wat werklik omgee en ons na veiliger terrein sal neem. Dít is noodsaaklik in hierdie onseker tye waar mense vir hulle én hulle kinders se toekoms vrees.

Hoe het ons hier beland?

Soos die vooraanstaande Amerikaanse politieke wetenskaplike Ronald Inglehart opgemerk het, word mense se waardes en gedrag bepaal deur hoe geborge hulle voel. Indien hulle hulself as ekonomies en fisies veilig beskou, stel mense hulle vryhede op prys, maar as dit om oorlewing gaan, staan hulle dikwels bankvas agter ’n sterk leier. Hierdie geneigdheid is bekend as die outoritêre refleks – ’n verskynsel wat die eerste keer ná die Eerste Wêreldoorlog in Italië en Duitsland sy nare kop uitgesteek het.

Ofskoon Italië een van die wenners in die oorlog was, het dié land nie sy oorwinning gebruik om sy demokrasie te konsolideer nie. Ondanks die naoorlogse ekonomiese krisis en die daaropvolgende maatskaplike onstuimigheid van 1919 tot 1920, het die gedagte van ’n koalisiedemokrasie nie die liberale elite aangestaan nie. Hulle weiering om ’n alliansie met die Italiaanse Sosialistiese Party en Populêre Party te oorweeg het die weg gebaan vir ’n magsoorname deur ’n radikale verregse vorm van nasionalisme, wat op sy beurt tot fascisme gelei het.

*Fasci di combattimento* – die strydbonde, oftewel die Fasciste – was die geesteskind van die sterk leier Benito Mussolini. Die swart geklede bondlede was op ’n kruistog teen linkses en Bolsjewieke. Stelselmatig het hulle invloed tot op nasionale vlak uitgebrei, waarna hulle ’n Fascistiese politieke party gestig het. In ’n atmosfeer van geweld en intimidasie het die Fascisties oorheerste blok teen April 1924 ’n absolute meerderheid in die parlement bekom. In die twee jaar daarna het die grondwetlike bestel geëindig: Opposisiepartye en -unies is ontbind, en verkiesings – en daarmee saam vryheid van spraak en assosiasie – was iets van die verlede. Antisemitiese wette is teen die einde van die 1930’s uitgevaardig, en ’n hegte bondgenootskap met Nazi-Duitsland is tot stand gebring. Die Italiaanse demokrasie was dood.

In die nadraai van hulle nederlaag teen die Geallieerdes is Duitsland as ’n internasionale skurk gebrandmerk. Die naoorlogse Verdrag van Versailles van 1919 het die land ingrypende oorlogsreparasies opgelê, wat die nasie met die sielkundige nagevolge van hulle nederlaag sowel as die swaar las van oorlogskuld laat worstel het. Die massiewe hiperinflasie van 1923 is gevolg deur die nasleep van die Groot Depressie, wat sowat ses miljoen mense sonder werk gelaat het. Weens die benarde ekonomiese omstandighede het die volk teen die regering in opstand gekom, en – nes in Italië – het ’n sterk leier na vore getree wat, so is daar geglo, Duitsland in ere sou herstel.

Adolf Hitler was ’n vurige nasionalis wat sy land se nederlaag in die Eerste Wêreldoorlog aan swak Duitse leierskap en Joodse, kommunistiese en internasionale sameswering toegeskryf het. Hitler het die fascistiese Nasionale Sosialistiese Duitse Werkersparty, ook bekend as die Naziparty, gestig en in 1923 aangekondig dat hy van plan was om die demokratiese regering omver te werp. Sy hartstogtelike aanhangers in hulle bruin hemde het dié nuus geesdriftig verwelkom. Hy het sy doel

uiteindelik deur onderduimsheid eerder as ’n staatsgreep bereik. By die aanvang van die Groot Depressie in 1929 het die Naziparty 12 setels in die parlement beklee; teen 1932 was hulle die grootste party en het hulle met ’n veldtog begin om die destydse president, Paul von Hindenburg, te dwing om te bedank. Dít het hulle teen 1933 reggekry, en Adolf Hitler is as kanselier aangewys. Dít was die einde van demokrasie in Duitsland en sou uiteindelik tot die Tweede Wêreldoorlog lei.

Die outoritêre refleks steek deesdae weer kop uit en hou ’n ernstige bedreiging in vir demokrasie. Hongarye en – tot en met hulle onlangse verkiesing – Pole is die vernaamste voorbeelde van hierdie tendens in Europa, hoewel die opgang van regse partye in modeldemokrasieë soos Swede, Denemarke, Frankryk en Duitsland ook al hoe meer aandag trek. Om nie eens te praat van die skrikbeeld van Donald Trump wat dalk weer aan bewind kom, of die oorvloedige gelukwense uit verregse oorde toe die anti-Islamitiese aanhitser Geert Wilders die Nederlandse verkiesing gewen het nie.

Buite die Westerse wêreld is die outoritêre refleks selfs méér opvallend.

Indië word regeer deur die onversetlike nasionalis Narendra Modi. Sy regerende Bharatiya Janata-party voer aan dat kolonisasie die aanvanklik suiwer Hindoe-staat met Moslem-minderhede opgesaal het. Modi se etnonasionalistiese bewind ondermyn die land se grondwetlike plig teenoor Moslem- sowel as Christen-minderhede. Sy Hindutva-ideologie is besonder suksesvol en dreig om Indië in ’n Russiese-tipe ‘bestuurde demokrasie’ te verander, met ander woorde ’n stelsel wat ál die kenmerke van ’n demokrasie toon, maar in wese as ’n outokrasie funksioneer.

In Turkye skaar die volgelinge van Islam hulle om die kragtige figuur Recep Tayyip Erdogan, wat sy visier stel op enige instelling of groep wat in sy pad staan om Turkye in ’n suiwer Moslemland te omskep. Die narratief is gegrond op diskriminerende sienings, soos dat vroueregte tradisionele Islamitiese gesinswaardes ondermyn. Van ’n leier in ’n era van hervorming en voorspoed in die 2000’s het Erdogan in ’n outokraat ontaard, al is die demokratiese instink van die diep verdeelde samelewing nog nie dood nie.

Latyns-Amerika beleef ’n wydverspreide verskuiwing met regse leiers wat al hoe meer steun ontvang van konserwatiewe kiesers wat teen kulturele verandering en minderheidsregte gekant is, sowel as van diegene wat hulle voormalige linkse regerings die skuld gee vir hulle huidige haglike omstandighede. Toenemende maatskaplike polarisasie en onverdraagsaamheid teenoor dié wat anders dink, tesame met institusionele wantroue, stel demokrasie in dié streek in gevaar deur die kloof tussen burgers en die regering te verdiep.

Elders in die Midde-Ooste en Asië sowel as in Afrika is daar te veel voorbeelde om te noem, hoewel een geval op tuisbodem ons noukeurige aandag verg. Die voormalige ANC-jeugleier Julius Malema het ná sy skorsing uit die ANC die regse Ekonomiese Vryheidsfront (EFF) gestig. Vir sy vurige volgelinge in rooi hou Malema hom voor as ‘opperbevelvoerder’. Die EFF-brigade trek gewoonlik in hulle menigte saam en sing graag Struggle-liedjies soos “One settler, one bullet” en “Kill the Boer, kill the farmer”.

Die ‘bevelvoerder’ se idees om die land uit die huidige maatskaplike en ekonomiese moeras te kry sluit in om China te vra om alle steenkoolmyne te heropen en Rusland te nooi om kernkragstasies te bou om Suid-Afrika se ernstige kragkrisis te help oplos. Die EFF-manifes ondersteun boonop grondonteiening en die nasionalisering van myne en banke, alles sonder vergoeding.

En dan is daar die twee brandpunte wat die wêreld in ’n vlammesee kan verander. Verregse nasionaliste se bankvas steun vir die onversoenlike Benjamin Netanyahu sê baie oor Israel se

meedoënlose oorlogvoering in Gaza, selfs te midde van toenemende sensuur deur wêreldwye openbare mening, en ondanks oproepe om ’n dadelike skietstilstand op humanitêre gronde. Intussen beweer Vladimir Putin hy kan Rusland in ere herstel deur sy gebied op valse historiese gronde uit te brei en enige teken van verset in eie geledere brutaal dood te smoor, nes Hitler destyds.

Ernstige ekonomiese ontberinge na die Eerste Wêreldoorlog was die rede vir die eerste golf van die outoritêre refleks. Die tweede golf is aan die gang gesit deur die finansiële krisis na die Covid-19-pandemie en die huidige oorlog in die Oekraïne, wat gesamentlik ’n drastiese afname in reële inkomste en ernstige werksonsekerheid in ekonomieë oor die hele wêreld veroorsaak het. Albei golwe is aangevuur deur nasionalistiese sentimente: In die eerste golf het dit op volksmoord uitgeloop, en in die tweede op xenofobie teen die massiewe instroming van immigrante en vlugtelinge. In albei gevalle het onsekerheid mense aangespoor om sterk gesagsfigure te ondersteun wat kwansuis beter lewensomstandighede en die beskerming van kulturele identiteit teen sowel die binne- as buitelandse ‘vyand’ waarborg.

Wanneer ons die 30ste bestaansjaar van ons betreklike jong demokrasie vier, kan ons maar net, soos Albert Einstein in ’n toespraak by die Royal Albert Hall in Oktober 1933, hoop dat “die huidige krisis tot ’n beter wêreld sal lei”. Dit het nie toe gebeur nie, maar dalk weet ons nou van beter?

***Prof Ursula van Beek is die direkteur van die Sentrum vir Navorsing oor Demokrasie (CREDO) aan die Universiteit Stellenbosch. Dít is ’n effens aangepaste weergawe van haar artikel in CREDO se jongste nuusbrief, *Democracy Delivered*.**